Jaarverslag van Kunsvereniging Stellenbosch 2013/14

Annual report of the Arts Association Stellenbosch 2013/14

Die kunsvereniging het weereens 'n besige jaar met 'n suksesvolle program beleef. Die jaar het afgeskop met 'n 30 x 30 uitstalling met Nelis Koegelenberg as kurator in die Louw Erasmus saal, PJ Olivier, as deel van die 2013 Woordfees. Die opening het op 27 Februarie plaasgevind en is deur Daniel Louw geopen.

Ledebyeenkomste is gehou waar daar telkens interessante lesings deur kundige sprekers aangebied is en het groot byval geniet. Aanbieders was hoofsaaklik kunstenaars, joernaliste en selfs botanici. Daar was altesaam 8 ledebyeenkomste (die onderwerpe hieronder word vermeld in die taal waarin dit aangebied is):

Louis Janse van Vuuren	27 Mar 13	Anamnese
Truida Prekel	28 Mei 13	Hundertwasser
Clementina van der Walt	31 Jul 13	To buy or not to buy – Ceramics of 21st century
Ben-Erik van Wyk	28 Aug 13	Die wetenskaplike waarde van botaniese kuns/ The scientific value of botanical art
Nelis Koegelenberg; Marie Grotepas en Ankia Bormans	25 Sep 13	The Slavic Epic/Die Slawiese Epos
Willem Pretorius	30 Okt 13	Esias Bosch – The Monet van Klei
Strijdom van der Merwe	27 Nov 13	Verbeeld die Landskap
dr Elmarie Costandius	26 Feb 14	The transformative role of art

Die hoogtepunt van die ledebyeenkomste was Strijdom van der Merwe se aanbieding wat ook die jaarlikse Huberte Rupert Gedenklesing verteenwoordig het. Die lesing is by die Rupert Museum aangebied en die gashere was die Rupert Museum. Die onthaal wat die lesing vooraf gegaan het, was met die gewone Rupert gasvryheid en styl gedoen. Ons dank gaan aan hulle.

A four day **lecture series** was presented by the well known art historian and art lecturer from East London, Barry Gibb, from 22 – 25 April 2013 with The *March of the Moderns* as subject. It started in the late 19th and early 20th centuries and discussed the development of modern art from cubism, futurism, surrealism, constructivism to abstract expressionism. Attendants enjoyed his wit and ease of delivery.

Two **excursions** to Cape Town were offered, ie one to the Iziko National Art Museum and a second to Cape Town Castle. At the Art Museum attendants were taken on a guided tour of the *Revision of the permanent collection – Tides,* and at the Castle, Esther Esmyol, Curator of the Social History Collections, Iziko Museums, presented a guided tour of the *William Fehr Collection*. Unfortunately there was very little interest in these interesting outings and it was decided not to repeat excursions away from Stellenbosch in future. Two episodes of the interesting **art movie** series were shown on 27 July and 5 October at Oude Libertas Auditorium: The next Great Artist, Season 1 and Season 2.

Werkswinkels in collage (Saterdagoggende) en teken (Dinsdagoggende) is by PJ Olivier Kunssentrum aangebied waarin daar goeie belangstelling was:

Aidon Westcott	20 en 27 Julie 2013	Collage
Debbie Annas	15 Okt – 19 Nov	Teken - Figuurstudies

Holiday **workshops for children** (10 – 14 years) were presented during the winter school holidays from 1–4 July 2013 at Jamestown, Idas Valley, Cloetesville and Kayamandi. The presenters were the art teachers, Naomi Botha en Corlie de Kock. The children made jewellery which proved to be very popular and the librarians have already requested a follow-up. The Arts Association sponsored materials needed for a children's workshop of poster making held at Sasol Art Museum and organized by them. At the annual 'Stellenbosch Kunswedstryd' the Arts Association donated 2 prizes for the winners of a voucher to the value of R750.00.

'n Verdere hoogtepunt was, soos altyd, die **jaarlikse ledeuitstalling** waar daar 34 werke van ons lede uitgestal is**.** Dit het op 13 – 27 November by Oude Libertas Kunsgalery onder die kuratorskap van Lenie Harley en Ilsa Mundell plaasgevind. Die openingspreker tydens die geleentheid was Elsabé Daneel. Die Vereniging bedank graag die borg, Distell. Toekennings vir uitmuntenheid is aan drie van ons lede oorhandig, nl Desmond Smart, Bettie Werth en Konrad Brand.

Die Kunsvereniging Stellenbosch het 'n **keramiekvaas** van die kunstenaar Anton Bosch, in November aangekoop en aan Universteit Stellenbosch **geskenk** as blyk van waardering vir die samewerking met Sasol Kunsmuseum onder leiding van Lydia de Waal. Hierdie vaas is tydens 'n ledebyeenkoms op 26 Februarie 2014 oorhandig aan Prof Julian Smith Vise-Rektor Universiteit Stellenbosch. Hy het genoem dat die Vereniging se skenking 'n unieke gebeurtenis is en het die belangrikheid van 'n goeie verhouding tussen die Universiteit en die gemeenskap beklemtoon. Die universiteit as akademiese instelling bevorder nie alleen die akademie nie, maar ook sport en die kunste.

Die Kunsvereniging het in 2014 die aanbied van **kunsvlytwerkswinkels** in Idasvallei hervat nadat daar geen geborgde werkswinkels vir volwassenes in 2013 in voorheen benadeelde gemeenskappe aangebied is nie. Die doel is om kunsvaardighede by talentvolle volwassenes te ontwikkel wat hulle kan gebruik om kwaliteit produkte wat bemarkbaar is, te skep. Marieke Kruger het reeds drie werkswinkels aangebied in die maak van kaartjies met linodruk wat deur die deelmers ontwerp, gesny en gedruk is. Lede van die Vereniging is genooi om die werkswinkels teen betaling by te woon.

Die **finansiële state** van die Vereniging is deur Bernard Shaw Ouditeure nagegaan en in orde gevind. Na 'n vinnige groei in die beginjare van die vereniging, bly ons ledetal konstant en het aan die einde van 2013 op ongeveer 170 lede gestaan.

Die **hoofborg** van die Vereniging wat dit mootlik maak om die genoemde projekte en die administratiewe take van die Kunsvereniging te behartig en om lede van die gemeenskap en kinders te borg om werkswinkels by te woon, is Het Jan Marais Nationale Fonds. Die vereniging se opregte dank gaan aan die Fonds. Ons bedank ook ons ander borge, nl die Rupert Stigting, Distell en Unistat.

Die Waarnemende Voorsitters dank die Uitvoerende Komitee vir hulle onbaatsugtige bydraes en diens aan die Vereniging, asook die Stellenbosch Universiteitsmuseum.en die Kunssentrum PJ Olivier vir hulle gewaardeerde samewerking en ondersteuning.

Margot Steyn en Lenie Harley
Waarnemende Voorsitters Chairpersons
Kunsvereniging Stellenbosch Arts Association Stellenbosch